Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Waarvan moet ons gesond word?
Wil jy gesond word?

Skriflesing: Johannes 5:1-9

Broodjies vir die pad

"Only people who are capable of loving strongly can also suffer great sorrow, but this same necessity of loving serves to counteract their grief and heals them."
— Leo Tolstoy

"Be a lamp, or a lifeboat, or a ladder. Help someone's soul heal. Walk out of your house like a shepherd."
— Rumi

Millenniërs: Ons kan nie eens onsself verstaan nie

Francois van Rensburg, Noordwes-Universiteit

Dís wat julle nie van ons verstaan nie.

Hierdie stelling op sigself is een van die mees paradoksale stellings wat ek onlangs teëgekom het.

"Julle" verstaan "ons" nie. Dit is dus my vertrekpunt vir hoekom die ouer garde (julle) die jonger generasie (ons) nie verstaan nie.

Ek wil so ver gaan as om te sê julle sal ons nooit verstaan nie. Ons verstaan onsself nie eens nie.

Ons is besig om in ons onervare lewens te probeer om die wêreld te verander op ons eie unieke manier.

Ons wil nie dieselfde wees nie en ons wil ook nie oor een kam geskeer word nie.

Ons wil ons eie rigting volg en ons eie mode vind êrens op 'n joga-mat op 'n strand met 'n glasstrooitjie in ons glaswaterbottel.

Ons wil gesond wees met die mees diverse vriendegroep en ons wil minstens vier tale kan praat. Ons wil ook nie omgee oor enigiets nie en emosieloos deur die lewe wandel om so min as moontlik kwesbaar te lyk.

Ons wil kuier en ons wil dans en ons wil fliek kyk en net rustig wees. Ons wil ten volle leef en ons wil soveel moontlik reis voordat die geld opraak.

Ons wil die meeste geld maak met die minste moeite. Ons wil ons land red maar ons wil ook die wêreld ontdek. Ons wil seker maak almal sien dit, maar ons wil asseblief tog net uitgelos word om ons ding sonder inmenging te doen.

Julle was ook so

Klink dit bekend?

Ek is amper seker dit doen, want julle was eens ook ons. Nou is julle net ons met wysheid en lewenservaring. Ons sukkel met stabiliteit, want ons is grootgemaak in 'n era waar julle geworstel het met die humanistiese siening in die lewe, dat almal net gelukkig moet wees en dat julle net nie op tone moet trap nie.

Jul sukses is bepaal deur hoe gelukkig julle én ons is. Hartseer, is dit nie?

Ons is nie tevrede met die land nie, want julle is steeds besig om te baklei vir diversiteit. Ons kan nie positief wees oor ons toekoms nie, want behoede ons om oukei te wees met eenheid en interras-vriendskappe.

Ons kan nie vir onsself dink nie, want julle het als vir ons gedoen. Ons kan nie aanvaar dat ons moet werk vir iets nie, want julle het dit alles vir ons gegee.

Ons kan nie onsself tot 'n huwelik verbind nie, want ons is geleer dat dit oukei is om te skei wanneer jy nie meer gelukkig is nie.

Ons kan nie ons kinders goed grootmaak nie, want ons mag hulle nie meer 'n pak slae gee nie.

Ons kan nie vir ons kinders gesonde verstand leer nie, want ons mag nie eens vir hulle leer wat hul geslag is nie.

En dís wat julle nie van ons verstaan nie.

Ons is nie een konsep nie, ons is nie een dieselfde nie. Tog, is ons die produk van die besluite wat julle in al jul wysheid en lewenservaring gemaak het om ons toekoms te rig.

+ *Francois van Rensburg (23) studeer MSc (Stads- en Streeksbeplanning) aan die Noordwes-Universiteit. Hy kom oorspronklik van Stilfontein.*
+ *Menings is rubriekskrywers se eie en weerspieël nie noodwendig dié van Netwerk24 nie.*
+ *Hierdie meningstuk is 'n inskrywing vir Die Student se rubriek-kompetisie, waar studente aan lesers moet verduidelik wat hulle nie van die jonger generasie verstaan nie.*
+ *Hierdie meningstuk weerspieël nie noodwendig die mening van die Noordwes-Universiteit nie.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Die-Student/milleniers-ons-kan-nie-eens-onsself-verstaan-nie-20190516

The soul is healed by being with children."
— Fyodor Dostoevsky

"In a futile attempt to erase our past, we deprive the community of our healing gift. If we conceal our wounds out of fear and shame, our inner darkness can neither be illuminated nor become a light for others."
— Brennan Manning, Abba's Child: The Cry of the Heart for Intimate Belonging

"The reality is that you will grieve forever. You will not 'get over' the loss of a loved one; you will learn to live with it. You will heal and you will rebuild yourself around the loss you have suffered. You will be whole again but you will never be the same. Nor should you be the same nor would you want to."
— Elizabeth Kubler-Ross and David Kessler

"The church is constituted as a new people who have been gathered from the nations to remind the world that we are in fact one people. Gathering, therefore, is an eschatological act as it is the foretaste of the unity of the communion of the saints."
— Stanley Hauerwas, In Good Company: The Church as Polis

"The first principle of monotheist religions is 'God exists. What does He want from me?' The first principle of Buddhism is 'Suffering exists. How do I escape it?"
— Yuval Noah Harari, Sapiens: A Brief History of Humankind

"Whatever it means to be a Christian, it at least involves the discovery of friends you did not know you had."
— Stanley Hauerwas, Hannah's Child: A Theologian's Memoir

"In every important way we are such secrets from one another, and I do believe that there is a separate language in each of us, also a separate aesthetics and a separate jurisprudence. Every single one of us is a little civilization built on the ruins of any number of preceding civilizations, but with our own variant notions of what is beautiful and what is acceptable - which, I hasten to add, we generally do not satisfy and by which we struggle to live. We take fortuitous resemblances among us to be actual likeness, because those around us have also fallen heir to the same customs, trade in the same coin, acknowledge, more or less, the same notions of decency and sanity. But all that really just allows us to coexist with the inviolable, intraversable, and utterly vast spaces between us."
— Marilynne Robinson, Gilead

Her 1980 novel, Housekeeping, won a Hemingway Foundation/PEN Award for best first novel and was nominated for the Pulitzer Prize for Fiction.
Her second novel, Gilead, was acclaimed by critics and received the 2005 Pulitzer Prize for Fiction, the 2004 National Book Critics Circle Award for Fiction, and the 2005 Ambassador Book Award.
Her third novel, Home, was published in 2008 and was nominated for both the National Book Award and the National Book Critics Circle Award; it won the Orange Prize.

https://www.goodreads.com/author/show/7491.Marilynne_Robinson

Brood vir die pad

Hoe oorleef die Christelike kerk in ons kontrei?

Wilhelm Jordaan

Hoe meer ek wonder oor die oorlewing van die Christelike kerk in ons kontrei, hoe meer oortuig raak ek dat oorlewing net moontlik is as die kerk kritiese gedagtegange aktief bevorder en minder asem mors op beuselagtigheid soos selfdegeslagverhoudings.

Die kerk is, veral aan jongmense, dit verskuldig om oor ten minste vier sake ernstig gesprek te voer: Dat die Bybel 'n versameling mensewoorde is, geïnspireer deur gelowiges se verstaan van dit wat hulle "God" noem. Wat weggelaat en bygevoeg word in kerklike belydenisse en in die prediking is niks anders as dít nie.

Verder dat die Judaïes-Christelike godsdiens sterk beïnvloed (én verryk) is deur destydse godestories. Dit is oor sake soos God se eienskappe, en die herkoms van idees oor die "seun van god"; die "son van geregtigheid"; "opstanding uit die dood" enso(talryk)voort.

Ook dat dit steeds sinvol is om jou geloof in 'n God te behou, en om byvoorbeeld Jesus se storiematige leerstellings as rigsnoer vir jou lewe te aanvaar omdat stories, as lewende mites, rigtinggewende krag het. Dit is juis wat die Nederlandse predikant Nico ter Linden regkry in sy veelseggende reeks Het verhaal gaat . . . wat sê die ou verhale gaan immer ontdekkend voort.

Dit beteken jongmense moet bekend gestel word aan nuwe, selfs omstrede, denke in kerklike geledere, byvoorbeeld die Nederlander ds. Klaas Hendriks se paradoksale boeke Geloven in een God die niet bestaat en God bestaat niet en Jezus is zijn zoon.

Dan word geloof klein, flitsende oomblikke van ontroering wat uit die verbeelding vloei; verbeelding wat jou verlos van dogmatiese laste.

Laastens moet die kerk jongmense help om te verstaan dat die inherente ooreenkomste tussen godsdienste tot godsdiensverdraagsaamheid kan lei, gedra deur dié insig: Mý godsdiens se kosbaarheid bevestig die kosbaarheid van 'n ander s'n.

Is só 'n vierledige "kategese" in die kerk haalbaar, veral in die Afrikaanse wêreld? Die NG Kerk, byvoorbeeld, het sinodaal besluit "om die weg van openhartige kritiese debat oor geloofsake te volg". Luister 'n mens egter na die rusietjies in kerklike kringe, die geskinder, beswaddering en praatjies oor "afstigting", roep, nee, smeek, dié besluit om waar gemaak te word.

Te midde van rigtingloosheid neem spanning en tweedrag in die kerklike lewe toe en dra tot kerklosheid, kerkloosheid en geloofsverlies onder jongmense by. Daarmee saam kom 'n soeke na buitekerklike spirituele vervulling waar die liefdesopdrag en dienende omgee vir mense die middelpunt is eerder as "korrekte" geloofstaal.

Dan word mense se lewens gerig deur iets soos die filosoof C.S. Lewis se "morele wet" van Godverlange eerder as Godsekerheid.

Kommer oor die kerk se voortbestaan vra vir diepstrekkende gesprek tussen gelowiges oor vernuwende denke. Én om langs mekaar, en nie teenoor mekaar nie, voor die misterie van 'n onsienlike Godheid te kniel.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/hoe-oorleef-die-christellike-kerk-in-ons-kontrei-20190522

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877